DIE JORDAANTJIE

Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

20/2024 12 Julie 2024

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KANTOOR
1. Rapporte en oueraande
2. Kwartaalprogram en buitemuurse rooster
3. Personeelsake
4. Koshuisleiers vir 2024
5. Rugby
6. Personeelverjaardae
7. Kleredrag en netheid
8. Skoolbywoning
9. Buite aktiwiteite
10. Skoolfonds vir 2024

Dra van Nasionale en provinsiale klere

Leerders kan hul nasionale of provinsiale klere skool toe dra op Vrydag, 19 Julie. Daarna die eerste Vrydag van elke maand

(Sien die inligting en voorwaardes rondom die dra van nasionale of provinsiale klere wat deur leerders verwerf is onderaan die nuusbrief)

2024 SKOOLKWARTALE

3de: 9 Julie – 20 September
4de: 1 Oktober – 11 Desember

UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan die begin van die 3de kwartaal. Sjoe, daar begin ons die kwartaal toe ook met uiterste koue en windtoestande. Die 3de kwartaal is tradisioneel 'n baie besige kwartaal omdat daar talle sport- en kultuuraktiwiteite tegelykertyd plaasvind. (Ons begin sommer al vandag met ons eerste tenniswedstryde – sien punt 2). Dit veroorsaak gewoonlik twee probleme. Eerstens, gebeur talle botsings tussen aktiwiteite omdat leerders aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deelneem. Ons versoek ouers om geduldig te wees en so ver moontlik te probeer om saam te werk sodat ons almal kan akkomodeer. Tweedens, verloor sommige leerders akademiese tyd omdat hulle vroeër na aktiwiteite moet vertrek. Waar moontlik moet leerders probeer om die werk in te haal en by te bly. En dit bring ons by die volgende belangrike saak – kommunikasie! Dit is baie belangrik dat ons in hierdie besige tyd goeie en effektiewe kommunikasie met mekaar sal hê, sodat almal op hoogte van sake kan bly. Daarom dat ons ook weer ons kommunikasiebeleid vroeër die week uitgestuur het sodat u as ouer weet wie om met watter probleem te kontak indien nodig. Van die skool se kant af gebruik ons grootliks die klas *WhatsApp* groepe vir algemene reëlings. Daar word ook *WhatsApp* groepe vir spesiefieke spanne geskep om kommunikasie vinnig te laat geskied. Maak asb. seker dat u betrokke is daarby om die reëlings te kan ontvang. Een ding is seker en is oor die jare bewys dat Jordania dinge kan laat gebeur – selfs in besige tye. Baie sterkte aan elkeen vir die kwartaal. Ons weet dat met almal se samewerking dit weer 'n baie suksevolle tyd gaan wees. Seën vir almal.

> ***"Good communication is the bridge between confusion and clarity."***
> Nat Turner

1. Rapporte en oueraande

Leerders ontvang vandag hul rapporte. Volgende week vind die oueraande plaas. Graad 4-7 Maandag, 15 Julie 17:00-18:00 en Graad 1-3 Woensdag, 17 Julie volgens afspraak. Ouers is welkom om personeel te kontak indien daar enige akademiese saak is wat u wil bespreek.

NB!

2. Kwartaalprogram en buitemuurse rooster

Die kwartaalprogram en buitemuurse rooster is reeds vroeër in die week uitgestuur op die klasgroepe. Maak asb. seker dat u uself vergewis van die datums en tye wanneer leerders oefen en deelneem.

Afrikaanse woord van die week:

Vonkpos: *'n Ander woord vir e-pos.*

Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za



VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 15 Jul: Diskonto boeke
Gr. 4-7 oueraand (17:00-18:00)
BL Vergadering (18:00)
Di, 16 Jul: Diskonto boeke
Wo, 17 Jul: Gr. 1-3 ouerdag
Do, 18 Jul: Krieket: Oos proewe (Ficksb)
Vr, 19 Jul: Landloopliga
Sa, 20 Jul: Rugby: Graanveld 7's
Bergfiets (Bloemfontein)

Klerebank tye

Dinsdae, Woensdae en Donderdae
07:30 – 8:30

BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool
Standard Bank Harrismith
Takkode: 051001
Nommer: 042 117 453

3. Personeelsake

Baie welkom aan die volgende personeel wat by ons aangesluit het:

- Juffrou Susan Badenhorst is vir die res van die jaar by Graad 1 in Juffrou Riza Fourie se plek aangestel.
- Monique Jansen van Vuuren en Lariska Gildenhuys (begin 1 Aug) is as onderwysassistente aangestel.

Baie sterkte met u tyd hier by Jordania. Ons glo dat u 'n verskil in die kinders se lewens gaan maak.

4. Koshuisleiers vir 2024

Die volgende leerders as koshuisleiers vir 2024 verkies:

Dogters	**Seuns**
Suné Spershott	Marius de Villiers
Izandrie Strydom	CF Oberholzer

Baie geluk aan hierdie leerders!

5. Rugby

Matthias van Heerden is na afloop van die VKB rugbytoernooi in die span van die toernooi ingesluit as beste speler in sy posisie. Hierdie span gaan later in die jaar na Namibië toer. Baie geluk!

6. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 13 Junie: Elca van den Berg

Mag u 'n wonderlike nuwe lewensjaar beleef.

7. Kleredrag en netheid

'n Beroep word op ouers gedoen dat u asb. sal toesien dat kinders elke dag korrek geklee en netjies skool toe kom. Let asb. ook op haarnetheid -en bykomstighede. Sportdrag mag slegs gedra word wanneer leerders skoolsport direk na skool of Liggaamlike Opvoeding as vak op daardie dag het. Baie dankie vir u samewerking.

8. Skoolbywoning

Ouers moet asb toesien dat leerders elke dag betyds skool toe kom. Dit is baie belangrik sodat leerders nie agter raak met hul skoolwerk nie. Kontak asb die kantoor of klasonderwyser indien u kind afwesig is. Enige spesiale versoek rondom afwesighede moet met die skoolhoof bespreek word.

9. Buite aktiwiteite

Tweekamp: Baie geluk aan Ruhan Cilliers wat 'n algehele 2de plek by die SA Kampioenskappe behaal het.

Karate: Nicke Wächter was deel van die Proteaspan wat aan die *UFAK Region South* Karate Kampioenskappe in Swakopmund, Namibië deelgeneem het. Sy het 'n 3de plek behaal in die kumite afdeling. Lande wat deelgeneem het was Suid- Afrika, Namibië, Angola, Zambië, Botswana, Zimbabwe en Mosambiek.

Dans: Lienke Broodryk het aan die Wêreld danskampioenskappe in Engeland deelgeneem en puik gevaar. Sy haal die kwarteindrondte in *slow dance* en *freestyle* 0/12, behaal 'n top 10 plek vir *freestyle pairs* 0/12 en 'n 3de plek vir *freestyle* 0/16. Baie geluk!

Gimnastiek: Sien die gimnastiek uitslae onderaan die nuusbrief. Baie geluk aan al die gimnaste wat goed gevaar het.

10. Skoolfonds vir 2024

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot op datum vereffen is. Onthou dat dit die enigste manier is wat ons kwaliteit onderwys en opvoeding aan die kinders kan verskaf. Die jaarlikse bedrag beloop R14 000 (Graad 1-7) en R14 500 (Graad R). Kontak Alta met navrae. (Bankbesonderhede langsaan)

Dra van Nasionale en provinsiale klere skool toe

Leerders word toegelaat om hul Nasionale of Provinsiale Sportdrag skool toe aan te trek, maar op die volgende voorwaardes:

- Slegs op die eerste Vrydag van ‘n maand.
- Die leerder moes dit in die spesifieke jaar verwerf het, bv. ‘n leerder kan nie die vorige jaar se klere in die huidige jaar dra nie.
- Leerders mag slegs die volledige nasionale of provinsale sweetpak met die sportkode se hemp onderaan aantrek.
- Provinsiale drag mag nie met skooldrag of ‘n ander sport se kleredrag “gemeng” word nie.
- Indien ‘n leerder by meer as een sportkode verteenwoordiging het, kan hy/sy dit maandeliks afwissel.
- Dit moet die sweetpak wees en nie die wedstryddrag nie, bv. geen rugbytruie, karatépakke, dansklere, ens. nie
- By sportsoorte waar leerders formele drag, soos ‘n kleurbaadjie met ‘n netjiese broek, hemp en das kry, mag hulle dit ook aantrek

BETHLEHEM
Gimnastiek Klub - Gymnastic Club

17 Junie 2024

Prestasies deur Gimnaste

Die volgende gimnaste het baie goed presteer tydens die vakansie waar hulle die Vrystaat Noord Span by Gymnastic SA Zone Festival in Pinetown 14/15 Junie, verteenwoordig het

Dogters vlak 1

Clara- Belle Buitendag	(7-8 jaar)	SILWER
Milandrie Schoeman	(7-8 jaar)	SILWER
Clara Claasen	(7-8 jaar)	SILWER
Nicole Nieuwenhuizen	(7-8 jaar)	GOUD met 'n baie goeie prestasie met 'n gemiddeld van 9.05 uit 10.00
Charlotte Nienaber	(9-10 jaar)	SILWER
Mieke Ackerman	(9-10 jaar)	SILWER
Franja Wagner	(9-10 jaar)	GOUD

Dogters vlak 2

Tayla Ware	(9-10 jaar)	BRONS
Lea Claasen	(9-10 jaar)	BRONS
Mieke Pienaar	(9-10 jaar)	GOUD
Hesté du Preez	(11-12 jaar)	SILWER

Dogters Vlak 3

Sanna Roux	(10-11 jaar)	BRONS
Amira Potgieter	(10-11 jaar)	SILWER
Amé Potgieter	(12-13 jaar)	BRONS

Seuns vlak 1

Clayton Cloete	(9-10 jaar)	SILWER

Seuns vlak 3

Philip Potgieter	(10-11 jaar)	SILWER

Baie geluk met die gimnate hulle het Jordania se naam hoog gehou en 100% gegee

Tina Cowley
Bethlehem

GRAAD 4
STUDIE KURSUS

26 en 27 Julie

(Vry:2:15-5nm)

(Sat:9vm - 12nm)

KONTAK PAUL FOR MEER INLIGTING

083 459 1358

TINACOWLEY.BHM@OUTLOOK.COM

WAT GAAN EK ALLES LEER:

- Hoe om te studeer en op te som
- Hoe om te beplan
- Hoe om makliker te onthou
- My brein dominansie

SOCCER CLINIC

· COACH:DAVID ·

From age of 6-14 years

WHATSAPP OR CONTACT
0794670356

MARIAAN SE NASORG
30 JAAR VAN LIEFDE, OMGEE EN HARDE WERK, LEWER KINDERS OP WAT HULLE PLEK VOLSTAAN IN DIE LEWE
Nasorg by Jordania Primêr
Gekwalifiseerde onderwyseres sedert 1984
Kontak Mariaan: 082 562 6362